

KENNISGEWING VAN DIE HOF GESANKSIONEERDE SKIKKING VAN DIE KLASAKSIE LITIGASIE

AS U 'N LID IS VAN DIE TRANSNET-TWEEDEVASTEVORDEELFONDS (TTVVF) OF DIE TRANSPORT PENSIOENFONDS (TPF) (GESAMENTLIK DIE "FONDSE"), LEES ASSEBLIEF HIERDIE KENNISGEWING, AANGESIEN DIE IMPLEMENTERING VAN DIE SKIKKINGOORENKOMS JOU RAAK.

DIE LEDE VAN DIE FONDSE SLUIT DIE VOLGENDE PERSONE IN:

- ELKEEN WAT 'N PENSIOEN VAN EEN VAN DIE FONDSE ONTVANG
- ENIGEEN WAT 'N AKTIEWE LID IS VAN DIE TPF (WERKNEMERS VAN TRANSNET BEPERK, DIE SUID-AFRIKAANSE LUGDIENS BEPERK (SAL) OF DIE PASSASIERSPoorAGENTSAP VAN SUID-AFRIKA (PRASA) WAT TOT DIE TPF OF ENIGE SUB-FONDS BYDRA.

Klasaksie Litigasie

Geysler & Coetzee Prokureurs (die **Klas Regsverteenvoerders**) het mnr. JPH Pretorius en mnr. MD Kwapa (die **Klas Verteenvoerders**) in die Klasaksie teen die TPF, die TTVVF en Transnet. Bpk (**Transnet**) namens die lede van die twee Fondse (die **Klasaksie Litigasie**) verteenwoordig. Die Klasaksie is ingestel ten opsigte van eise wat voortspruit uit die volgende:

- 'n bewering dat 'n verteenwoordiger van Transnet se voorganger en die voorgangers van die Fondse in 1989 'n belofte aan die lede van die Fondse sou gemaak het dat pensioene elke jaar met 'n koers van ten minste 70% van inflasie sou verhoog word;
- 'n bewering dat Transnet die verpligting van sy voorgangers oorgeneem het om 'n bedrag in die ou pensioenfondse oor te betaal (dit is die fondse wat uiteindelik deur die Fondse vervang is) ten einde die Fondse in 'n gesonde finansiële posisie te behou; en
- 'n bewering dat onregmatige skenking wat deur een van die nuwe pensioenfondse aan Transnet gemaak was.

Die Klasaksie Litigasie is op 31 Julie 2014 deur die Hooggeregshof gesertifiseer. Pensioenarisse en ander lede van die TTVVF en die TPF is lede van die Klas.

Skikkingsooreenkoms deur partye om Klasaksie Litigasie te skik

Die Klas Regsverteenvoerder en die Klas Verteenvoerders het die Skikkingsooreenkoms met die Fondse en Transnet op 11 Desember 2019 onderteken. Die partye tot die Skikkingsooreenkoms het by die Hooggeregshof aansoek gedoen vir 'n hofbevel wat die Skikkingsooreenkoms as bindend verklaar op die partye betrokke by die Klasaksie Litigasie, insluitend al die lede van die Klas.

Hofaansoek ter sanksionering van die Skikkingsooreenkoms

Die Skikkingsooreenkoms is op 18 Februarie 2020 aan die Hooggeregshof voorgelê en die Hooggeregshof het gelas dat 'n kennisgewing in koerante gepubliseer moet word waarin belanghebbende partye van die Skikkingsooreenkoms ingelig word, en waarin belanghebbende partye en persone wat teen die Skikkingsooreenkoms wou beswaar maak opgeroep word om hulle besware in te dien voor of op 31 Maart 2020. Die nodige publikasies was in verskeie koerante, per e-pos en pos gedoen. Besware was by die Hooggeregshof ingedien. Die verhoor om die skikkingsooreenkoms te sanksioneer is op 17 Junie 2020 aangehoor waartydens die Hooggeregshof skriftelike en mondelinge voorleggings van belanghebbende partye oorweeg het.

Die Hooggeregshof het op **22 Junie 2020** bevind dat die Skikkingsooreenkoms redelik, billik en voldoende is en het as volg gelas:

- dat die Skikkingsooreenkoms 'n bevel van die hof gemaak word;
- dat die Skikkingsooreenkoms bindend is op die partye tot die Klasaksie, insluitend al die lede van die Klas; en
- dat die Skikkingsooreenkoms die Klasaksie Litigasie en die Klas se eise finaal afgehandel en beëindig het.

Die opskortende voorwaardes van die Skikkingsooreenkoms is op **3 Julie 2020** ten volle nagekom en die bepalinge van die Skikkingsooreenkoms het op **3 Julie 2020** in werking getree.

Toepaslike bepalinge van die Skikkingsooreenkoms

Die Skikkingsooreenkoms bied die volgende voordele aan pensioenarisse van die Fondse:

'n Spesiale pensioenverhoging van 11% (addisioneel tot die statutêre 2% verhoging) sal aan alle pensioenarisse in die TTVVF en die Transnet sub-fonds van die TPF toegeken word. (Let wel: Die verhoging sal nie aan pensioenarisse in die SAA-sub-fonds en die PRASA-sub-fonds van die TPF toegeken word nie. Sien verdere besonderhede hieronder.)	Voor of op 30 September 2020. Die Fondse beoog om die pensioenverhoging in Augustus 2020 te betaal.
--	---

Pensioenarisse in die SAL sub-fonds sal 'n spesiale pensioenverhoging toegeken word. Dié spesiale pensioenverhoging sal gelyk wees aan 'n verhoging wat 'n pensioenaris sou ontvang het, het hy of sy 'n verhoging van 70% van inflasie ontvang (jaar-op-jaar veranderinge in die VPI) vanaf die datum wat hy of sy 'n pensioen begin ontvang het.	Voor of op 30 September 2020. Die Fondse beoog om die pensioenverhoging in Augustus 2020 te betaal.
SAL-sub-fonds pensioenarisse sal elk 'n enkelbedrag van R10 000 (minus belasting) ontvang.	Voor of op 30 September 2020. Die Fondse beoog om die pensioenverhoging in Augustus 2020 te betaal.
Alle pensioenarisse sal 'n enkelbedrag van R10 000 (minus belasting) ontvang. Dié enkelbedrag is addisioneel tot die eerste enkelbedrag wat gedurende Desember 2019 aan die meeste pensioenarisse betaal was na ondertekening van die Skikkingsooreenkoms, en aan SAL-sub-fonds pensioenarisse gedurende September 2020.	Voor of op 31 Januarie 2021
Alle TTVVF, Transnet-sub-fonds en PRASA-sub-fonds pensioenarisse (uitsluitend SAL-sub-fonds-pensioenarisse) ontvang 'n gewaarborgde verhoging van 9% gedurende 2021. Dié verhoging sluit die statutêre verhoging van 2% in wat steeds ingevolge die reëls van Fondse toegeken sal word. * Belangrike opmerking: Die PRASA-sub-fonds is tans in die proses om sy reëls te wysig ten einde die spesiale verhogings aan sy pensioenarisse toe te staan en te betaal, en daardie spesiale verhogings sal in werking tree wanneer die Ministeriële goedkeuring vir die reël wysigings verkry is. As dit gebeur nadat die ander pensioenverhogings toegestaan is, dan sal PRASA-sub-fondslede 'n addisionele bedrag ontvang gelykstaande aan die bedrag wat hulle sou ontvang het asof die PRASA-sub-fondsreëls voor 3 Julie 2020 gewysig was.	Gedurende 2021*
Alle pensioenarisse sal 'n enkelbedrag van R10 000 (minus belasting) ontvang.	Voor of op 31 Januarie 2022
Alle TTVVF, Transnet sub-fonds en PRASA sub-fonds pensioenarisse (uitsluitend SAL-sub-fonds pensioenarisse) ontvang 'n gewaarborgde totale verhoging van 9% gedurende 2022. Dié verhoging sluit die statutêre verhoging van 2% in wat steeds ingevolge die reëls van Fondse toegeken sal word ** Belangrike opmerking: Die PRASA-sub-fonds is tans in die proses om sy reëls te wysig ten einde die spesiale verhogings aan sy pensioenarisse toe te staan en te betaal, en daardie spesiale verhogings sal in werking tree wanneer die Ministeriële goedkeuring vir die reël wysigings verkry is. As dit gebeur nadat die ander pensioenverhogings toegestaan is, dan sal PRASA-sub-fonds lede 'n addisionele bedrag ontvang gelykstaande aan die bedrag wat hulle sou ontvang het asof die PRASA-sub-fondsreëls voor 3 Julie 2020 gewysig was.	Gedurende 2022**
Vanaf 2023 word 'n minimum verhoging van 2% vir alle pensioenarisse gewaarborg. Die Fondse moet egter 'n pensioenverhogings van ten minste 70% van inflasie (insluitend die gewaarborgde verhoging van 2%) teiken, en elke Fondse se raad sal 'n diskresie hê om groter verhogings en / of bonusse toe te staan indien dit bekostigbaar is en deur die werkgewer goedgekeur word (vir PRASA-sub-fondslede is die bogenoemde onderhewig aan die reël wysigings soos hierbo genoem).	2023 en verder

Skikking en die beëindiging van Klasaksie Litigasie

Aangesien daar aan al die voorwaardes van die Skikkingsooreenkoms voldoen is, en die Hooggeregshof die Skikkingsooreenkoms 'n bevel van die Hof gemaak het is die Klasaksie Litigasie ook beëindig.

Die Skikkingsooreenkoms het die volgende aspekte finaal afgehandel: alle eise van 'n Klaslid teen enige persoon met betrekking tot die historiese befondsing van die Fondse (of hul voorgangers in titel), die vermoë van die Fondse om histories meer as 2% pensioenverhogings toe te staan, historiese beleggings en ander transaksies wat daardie vermoëns beïnvloed het, en die bestaan of status van die sogenaamde 'legacy debt' soos na in die Klasaksie Litigasie verwys was.

Toegang tot die Skikkingsooreenkoms en hofbevel

Die Hooggeregshofbevel en die Skikkingsooreenkoms kan verkry word op:

- Geysler & Coetzee Prokureurs se webwerf (www.geyslercoetzee.co.za); en
- Transnet se webwerf (www.transnet.net)

Alle navrae oor die nuwe voordele en ander voordele moet op die gewone manier aan die administrateur van die Fondse gerig word. Die kontakbesonderhede vir voordeel-verwante navrae kan gerig word aan **Momentum Retirement Administrators se oproepsentrum-nommer 011 587 8000**.